Tema: God se primêre doel met jou toerusting vir 2017 is om aan Hom diensbaar te wees.

Sang ter voorbereiding vir die erediens
Lied 422: 1,3
Lied 428: 1,3,4.

Ontmoetingsdiens
Intreelied Sb 10 – 1: 1,2 (Mel Ps. 50 tweede mel: Melita)
Votum
Seën
Lofsang Lied 476: 1,2
Gebed

Woorddiens
Skriflesing : Josua 5: 13 – 6: 2
Sing Sb 7 – 1: 1,2
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing Sb 14 – 3: 1,3
Seën
Amenlied Sb 13 – 3.

Geliefde brs en srs

Wanneer jy die goeie wense lees en hoor wat mense mekaar toewens met die aanbreek van die nuwe jaar, dan kom jy soms onder die indruk dat alles om die voorspoed en geluk van die mens gaan. Jy kry ook die indruk uit sommige van die bewoording van hierdie goeie wense dat God in diens van die mens staan en dat Hy net moet sorg dat alles in 2017 vir ons voorspoedig moet afloop.

Maar 2017 gaan nie net oor ons en ons voorspoed en geluk nie. Hierdie nuwe jaar gaan in die eerste plek oor God en wat Hy deur Christus in sy koninkryk wil doen en ons mag dit nooit vergeet nie. Ons staan eerstens in God se diens en wanneer Hy ons toerus vir 2017 dan gaan dit primêr om ons diens aan Hom in sy koninkryk.

Dit is die belangrike les van Jesus self hier vir Josua kom leer voor die eerste groot veldslag om die beloofde land in te neem.

Josua was waarskynlik besig om verkenningswerk te doen in die omgewing van Jerigo toe die Here in die vorm van ŉ man aan hom verskyn. ŉ Man met ŉ swaard in sy hand! Dit is baie duidelik dat Josua ŉ dapper vegter was, want hy konfronteer dadelik die man om te weet of hy vriend of vyand is met die vraag: Is jy aan ons kant of aan ons vyande se kant!

Die man antwoord egter met ŉ besliste “nee”, maar ek is die aanvoerder van die leër van die Here. Daarom is ek nou hier!

Dit is duidelik dat Josua nog nie besef het dat die Here self is nie en gedink het dat dit ŉ engel is wat aan hom verskyn om vir hom opdragte van die Here te bring. Toe die Here egter vir Hom beveel om sy skoene uit te trek want die grond waarop hy staan is heilig, het Josua besef dit is die Here Jesus self wat as Veggeneraal van die hemelse leërmagte voor Hom staan!

Brs en srs, wat ŉ oorweldigende verskyning en bemoediging vir Josua en die volk! Nog ŉ bewys dat God getrou bly aan sy beloftes. Reeds in Eks 23: 23 het die Here belowe: “My engel sal voor jou uitgaan en jou bring by die Amoriete, Hetiete, Feresiete, Kanaäniete, Hewiete en Jebusiete, en dan sal Ek hulle uitwis.”

Met hierdie verskyning wou die Here die Israeliete in die eerste plek leer dat wat hulle gaan vermag in die land nie deur hulle eie krag is nie, maar dat dit alleen van die Here kom. Dat Hy die een is wat vir hulle die stryd gaan voer. Daarom die vreemde opdragte om maar net om Jerigo te trek en op die sewende dag sal die mure omval! God gee die oorwinning!

Geliefdes, dit is ’n belangrik les wat ons ook in ons lewe moet leer. Dit waartoe die Here ons wil gebruik en dit wat ons vermag, kom nie uit onsself nie – dit word deur die Here vir ons gegee! En omdat die Here self vir ons die stryd voer, kan en mag ons weet dat niks vir ons onmoontlik is nie! Solank ons ons krag in die Here en sy groot mag soek - soos ons ook in Efes. 6: 10 leer.

Die tweede en dalk belangrikste les wat die Here egter met sy verskyning vir die volk wil leer is dat die stryd nie in die eerste plek om Israel se ontwil plaasvind nie! Christus is nie vanselfsprekend aan ons kant nie! Dit blyk baie duidelik uit Jesus se antwoord op Josua se vraag! Hy is nie aan Israel of aan die vyand se kant nie! Nee – Hy is hier om sy stryd te voer en te oorwin. Ons moet aan sy kant wees!

Is dit nie ook wat Jesus sy dissipels en vir ons geleer het in Matteus 6 met die woorde: “soek eers die Koninkryk van God en al die ander dinge sal vir julle gegee word” nie? Ons staan in 2017 eers in God se diens en ons moet in die eerste plek die koninkryk van God dien en nie ons eie belange nie.

Wanneer ons dus dink aan alles wat in die jaar vir ons voorlê en alles wat ons wil hê met ons moet gebeur – die verlange na dit wat goed en mooi is – dan moet ons onthou dat dit alles tot eer van God moet gebeur! Ons moet Hom dien met ons lewe en nie die jaar alles vir onsself wil opeis nie!

Die is die verskriklike les wat Akan later moes leer. Na die inval van Jerigo het Akan van die silwer en goud wat gebuit is vir homself gehou in plaas daarvan om dit as offer aan die Here te bring soos die opdrag was. Hy en sy hele familie en al sy besitting is gedood en verbrand! Israel moes leer dat dit in die eerste plek om God se koninkryk gaan!

Dit is ook die simboliek van die swaard in die Here se hand. Die ontblote swaard is in die geskiedenis vir en teen Israel gebruik. In Num 22 het die Here dit ten gunste van Israel gebruik om hulle te help. In 1 Kon 21 gebruik die Here sy swaard om Israel verskriklik te straf wanneer die engel van die Here die volk self doodmaak.

Brs en srs, laat ons dus nie ons eerste roeping vergeet nie! Wat jy ook al doen en waar die Here jou ook al gebruik, is die in die eerste plek om sy koninkryk uit te bou. Dit gaan in die eerste plek om die stryd tussen die lig en die duisternis en ons is soldate in die leërmag van Christus om sy koninkryk ontwil!

Ons kan dus nie maar net staatmaak om die sorg en voorsiening van die Here vir 2017 nie! Ons moet ook ten volle gereed en bereid wees om sy ryk te dien! Wanneer ons mekaar dus goeie dinge toewens dan moet ons terselfdertyd mekaar oproep tot getroue diens aan die Here. Ons moet ook vir mekaar vra: hoe gaan jy die Here se belange dien in wat jy in 2017 gaan doen?

Die Here het nie maar net die ongelowige nasies uit die land verdryf om vir Israel plek te maak nie – dit was in die eerste plek om sy koninkryk te vestig en deel van die Here se oordeel oor die ongelowiges. Die verskriklike en bloedige oorloë en meedoënlose optrede van Israel tydens die inneem van die land was in die eerste plek deel van God se stryd teen die bose.

So baie gelowiges neem vandag aanstoot oor die Here se optrede in Kanaän en die manier waarop die volk die nasies uitgewis het! Dit was egter nie ter wille van Israel nie – maar ter wille van die eer van die Here! Dit was sy straf op die ongeloof van heidense nasies.

So sê die Here alreeds in Gen. 15 vir Abraham: "Die vierde geslag ná jou sal hiernatoe terugkom. Dan eers sal die ongeregtigheid van die Amoriete sy volle maat bereik het." Met ander woorde: dan het hierdie nasies genoeg gedoen teen God en sal Hy hulle straf! Dit is waarom die Here alreeds in Deut. 20: 16 – 17 die opdrag gegee het: "Uit die stede van hierdie volke wat deur die Here jou God aan jou as besitting gegee word, mag jy niks laat bly lewe nie. 17Jy moet die Hetiete, Amoriete, Kanaäniete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete om die lewe bring as 'n banoffer aan die Here jou God soos Hy jou beveel het."

Dis waarom Christus verskyn as veggeneraal van die hemelse leer! Hy veg die stryd tussen lig en duisternis en uiteindelik is dit nie die swaarde van Israel nie, maar die swaard van die Here wat die nasies straf.

Geliefdes, met hierdie verskyning gryp die Here oor eeue heen vooruit na die finale stryd tussen lig en duisternis waarvan ons in Openbaring 19 lees. Daar waar Christus weer so as aanvoerder van die hemelse leer sal verskyn om Satan en sy magte finaal te oorwin.

En van hierdie stryd is ek en jy deel! Ons voer die stryd met die verkondiging van die evangelie! Dit was ook Israel se opdrag: hulle moes in Kanaän die "lig van die nasies gewees het". Dit was alreeds met aan die begin reeds aan Abraham gesê: "in jou nageslag sal die nasies geseën word"! Die volk moes deur hulle gehoorsaamheid en getuienis die volke van die Here geleer het! Maar hulle het nie! Hulle wou net die goeie van die land vir hulleself neem en het van die Here en sy Woord vergeet! Daarom het God later sy swaard teen Israel getrek en hulle vir langer as 70 jaar uit die land verdryf.

Kom laat ons dan in 2017 agter Jesus inval en sy stryd om sy koninkryk! Dit is sy primêre doel met die toerusting of wapenrusting wat Hy ons gee en waarvan ons vanmore gehoor het! Laat ons met ons lewe in die huis, in die gemeenskap, in ons werk of waar die Here ons ook al gebruik eerste die belange van sy ryk bevorder. Laat ons draers van die lig wees en getuies van die oorwinning wat Christus behaal. Laat ons sterk staan in die stryd teen die duisternis en gereed wees om ook te ly vir

hom. Daar is geen stryd waar soldate nie gaan seerkry of sterf nie! En dit is ook waartoe Christus ons roep in 2017.

Hy kom staan dus vanaand voor jou met sy swaard in sy hand en roep jou tot sy diens.

Amen